Nuusbrief 2/2018 24 Januarie 2018

Geagte Ouer,

Ek bid dat die jaar 2018 vir u voorspoed en geluk sal inhou. Ons sien uit na wonderlike samewerking tussen ouers, leerders en personeel. Dit is ons strewe om die beste geleenthede vir elke leerder van die skool te bied.

Skoolhoof

Mnr Herman van der Merwe van Reitz Hoërskool is aangestel as nuwe skoolhoof. Mnr van der Merwe sal so spoedig moontlik by Hoërskool Fichardtpark begin. Ons hou u op hoogte rakende die proses. Ons wens hom geluk met die aanstelling en sien uit na vele jare van sukses by ons skool.

Gr 8 Inskrywings – 2018

Ons is dankbaar vir 198 nuwe Gr 8 leerders. 'n Spesiale woord van welkom aan alle nuwe ouers van ons skool. U en u kinders is vir ons kosbaar.

Gr 8 Kamp

Dankie aan elkeen wat betrokke was by die aanbied van die Gr 8 kamp gedurende die naweek van 19 tot 21 Januarie. Waardevolle werk is gedoen en die nuwelinge is reeds deel van die Fichardtpark familie.

Atletiek

Die kleurbyeenkoms vind plaas op 24 Januarie en al die spanne is goed voorbereid vir die dag van pret en plesier.

Matriektoer

Die jaarlikse matriektoer na Sun City en Gold Reef City vind plaas vanaf 25 tot 26 Januarie. Ons glo dat die leerders ook hierdie geleentheid sal geniet.

Fichardtpark Twizza Fietswedren

Op Saterdag, 27 Januarie vind die jaarlikse fietswedren plaas. Die wegspringtyd is om 7:00 by die G4 maksimum gevangenis op die Dewetsdorp pad. Afstande waarvoor u kan inskryf is 106 km (R150), 60 km (R150) of 20 km (R50).

Gr 8 Konsert

Hierdie geleentheid vind plaas op 31 Januarie in die skoolsaal. Daar is 'n vertoning om 15:00 vir die leerders en 'n vertoning om 18:30 vir die ouers. Kostes vir die middagvertoning beloop R10 per leerder en vir die aandvertoning R30 per persoon.

Tennis

Op Vrydag, 2 Februarie is daar 'n ITEC tennistoernooi by die skool. Leerders, ouers en personeel kan daarvoor inskryf. Dit beloof om 'n middag en aand van pret te wees. Volle besonderhede sal aan u kind gegee word. Alle ouers word uitgenooi om die aand by die skool te kom braai. Dit gaan ook die geleentheid wees waar die ouers die nuwe skoolhoof kan ontmoet en verwelkom. U sal gedurende die week volle besonderhede omtrent die verwelkoming ontvang.

Matriekuitslae - 2017

Die skool is trots op baie goeie matriekuitslae. 98,7 % van ons GR 12 leerders slaag matriek. Lindi van Eyk behaal 8 onderskeidings en Anneke Niemand, Robbie van Huyssteen en Beandré Venter behaal elk 7 onderskeidings. Marissa Liebenberg behaal 6 onderskeiding en 5 leerders behaal 5 onderskeidings.

Lindi van Eyk ontvang die prys as toppresteerder in Rekeningkunde in die Vrystaat. Reneé Ferreira en Robbie van Huyssteen ontvang die prys as topprestеerders in Geskiedenis in die Vrystaat. Lindi van Eyk en Anneke Niemand is ook onder die top 100 presteerders in die Vrystaat.

Personeel

Ons dink in ons gebede aan mev Lettie Barker wat tans afwesig is. Mev Barker sal tot 31 Julie met siekverlof wees. Ons glo dat u herstelproses voorspoedig sal verloop.

Op 31 Januarie groet ons vir mnr Deon van der Merwe en mev René Gouws.

Na 10 jaar en 4 maande verlaat mnr Van der Merwe Hoërskool Fichardtpark vir sy aftrede. Dankie vir u bydrae in die klaskamer, buite op die terrein en op die sportvelde. Geniet die rustyd, u verdien dit. Voorspoed en seën word u toegewens!

Mev Gouws was vir 5 jaar verbonde aan Hoërskool Fichardtpark. Mev Gouws verlaat die onderwys om na haar gesin om te sien. Dankie vir u bydrae by die skool en geniet u familie. Voorspoed vir u en u familie!

Beheerliggaam Verkiesing

Gedurende Maart 2018 word die nuwe beheerliggaam verkies. U is bewus van die belangrike taak wat die beheerliggaam vervul. Die verkiesingsdatum en datum vir nominasies sal eersdaag aan u bekendgemaak word. Ons versoek u nou alreeds om betrokke te raak.

Kwartaalprogram

Hierby ingesluit is 'n paar belangrike datums. Met die aanstelling van die skoolhoof sal nog datums bygevoeg word volgens sy besluit.

Hoërskool Fichardtpark – Kwartaalprogram – 1 ste kwartaal

Januarie 2018

15 Personeelvergadering gedurende die oggend (7:30 – 13:00)

15 Kantore oop vanaf 8:00 tot 14:00

15 Skoolhoof middag op kantoor beskikbaar per afspraak – Skakel met die Sekretaresse

16 Gr 8-Leerders - Oriënteringsdag (8:00 – 11:30)

16 Skoolhoof op kantoor beskikbaar (9:00 – 13:00)

16 Gr 8 Konsert – Oudisies vir hoofrolle vanaf 17:00

16 Braaigeleentheid vir alle ouers en leerders van die skool – Vanaf 18:00 by busloods

17 Skole heropen 7:30 en sluit 14:00 (Opening in Doxa Deo Kerk – Alle ouers welkom)

19-21 Gr 8 –Oriënteringskamp te Retief kampterrein

19-21 Voortrekkers – Kursusnaweek

22 Krieket – 0/19 A – Grey C – Tuis

22 Krieket – 0/19 B – Sentraal – Sentraal veld

22 Gr 12 Oueraand – Gr 12 Leerders en Ouers - 18:00 – Skoolsaal

24 Atletiek – Kleurbyeenkoms – Mangaung Stadion

24 Krieket – 0/15 A – HTS – Tuis

24 Krieket – 0/15 B – JF - Tuis

25-26 Gr 12 Toer –Sun City en Gold Reef City

27 Fichardtpark Twizza Fietswedren – Wegspring – G4 Maksimum gevangenis

27 Gr 8 Konsert oefening: (Tye word met klasse gereel.)

29 Gr 8 Konsert – Oefen – kleedrepetisie vanaf 17:00

29 Krieket – 0/19 A – RPC – Tuis

29 Krieket – 0/19 B – Grey D – Grey veld

30 Gr 8 Konsert – Kleedrepetisie

31 Krieket – 0/15 A – St Andrew's – Tuis

31 Krieket – 0/15 B – Grey D – Grey veld

31 Gr 8 Konsert – 15:00 vir leerders

31 Gr 8 Konsert – 18:30 vir ouers

Februarie 2018

2 Tennis – Tennisrondomtalie – Leerders en personeel

2 Leierskapontwikkeling – Die Rigters - Byeenkoms

3 Atletiek – Motheo/Xhariep – Zone 2 – Mangaung Stadion

3 Skiet – Afrigtingskursus vir afrigters

5 Krieket – 0/19 A – St Andrew's – Tuis

5 Krieket – 0/19 B - St Andrew's C - Tuis

5 Voortrekkers – Inskrywings sluit vir Doornkloof

7 Krieket – 0/15 A – Sentraal – Sentraal veld

7 Krieket – 0/15 B – Sand du Plessis - Tuis

9 Atletiek – Sentraal Top 20 – Mangaung Stadion

10 Skiet - Prysskiet 1 – Skole skiet by hul eie skool

10 Wiskunde – Gr 9 Wiskunde kamp (Voorlopige beplanning)

12 Gr 8 Oriënteringstoets

12 Krieket – 0/19 A – Diamantveld – Tuis

14 Krieket – 0/15 A – Grey 0/14 A - Tuis

14 Krieket – 0/15 B – Pres Steyn – Pres Steyn veld

15 Mnr en Mej Fichardtpark - Skoolsaal

16 Gr 8 Inhuldiging

16 Gr 10 – Kenmekaar – 16:00 – 20:00

16-17 Voortrekkers – PSMK Aksiekrieket

17 Atletiek – Motheo/Xhariep Hoërskole Kampioenskappe – Mangaung Stadion

19 Gr 8 Oueraand – Aanpassing in Hoërskool

19 Voortrekkers – Inskrywings sluit vir GJL's

19 Krieket – 0/19 B – Sand du Plessis

21 Krieket – 0/15 A – RPC – Tuis

21 Krieket – 0/15 B – Brebner – Brebner veld

23 Leierskapontwikkeling – Dier Rigters - Byeenkoms

23 Skaak – Grey toernooi

24 Cheerleaders – Kompetisie - Navalsig

27-28 Kultuur – Kultuuraktiwiteit as deel van die sportdag – Skoolsaal 18:00

28 Krieket – 0/15 A – Grey D – Tuis

28 Krieket – 0/15 B – Sentraal – Sentraal veld

Maart 2018

1 Sokkie – Sportdag Geesvang

2 Skiet – Prysskiet 2 – Skole skiet by hul eie skool

2-3 Atletiek – Vrystaat Hoërskole Kampioenskappe – Sasolburg

2-3 Hoërskool Fichardtpark McDonald's Sportdag – Rugby, Netbal, Hokkie, Gholf, Skiet, skaak en Tennis – Ongeveer 4500 deelnemers van 50 skole sal in aksie wees.

9 Cheerleaders – Bingo-aand – Skoolsaal

10 Sentrale Sportreeks - Witteberg

10-11 Registrasie vir verkiesing vind by skoolsaal plaas – (8:00 – 17:00)

16 Leierskapontwikkeling – Die Rigters - byeenkoms

16-17 Skiet – Interprovinsiale proewe - Sentraal

17 Cheerleaders – Kompetisie – Jim Fouché

17 Sportdag - Goudveld

21 Vakansiedag – Menseregtedag

21-24 Atletiek – SA Hoërskole Kampioenskappe – Potchefstroom

28 Skole sluit

29-4 April Drama – KKNK toer

29-3 April Voortrekkers – Doornkloof Gebiedskamp

April 2018

4-7 Hoërskool Fichardtpark Rugbytoernooi (0/14 – 0/19) in samewerking met Twizza.

Rugby/Netbal/Hokkie toere – meer inligting volg later

10 Skole heropen

Groete,

AA Myburgh

Skoolhoof (wnd)